

Belê slim in maer jare

ADRI VAN ZYL IN JOHANNESBURG
adri.vzyl@sake24.com

Beleggers wêreldwyd is op hete kole weens die onsekerheid oor wat die huidige toestande vir hul beleggings beteken.

Vir die wêrelddekkende lê ongetwyfeld 'n paar maer jare voor.

In die meeste lande gaan die herstel ná die krisis stadig, uitgereken en onegalig wees.

Dit gaan uitersaad 'n uitwerking hê op die opbrengste op beleggings, maar vernuftige beleggers kan munt slaan uit die vrees en geleentheid wat daaruit ontstaan.

Die groot uitdaging vir beleggers gaan wees om hul kapitaal te beskerm teen hoë inflasie in 'n omgewing waar rentekoerse nie gou gaan styg nie.

Die geduld van beleggers gaan getoets word deur veral die krisis in Europa weens hoë staatskuld en die politiekery in die VSA wat 'n daadwerklike oplossing vir sy probleme vertraag.

'n Ligpunt in die beleggings-tonnel is dat die aandele van maatskappye in veral die ontwikkelde

lande goeie waarde bied.

Die meeste portefeuljebestuurders is dit eens dat die aandele van maatskappye in die ontwikkelde lande nou goedkoper is en dat die maatskappye in die algemeen in 'n gesonde posisie is.

Mnr. Charles de Kock, senior portefeuljebestuurder by Coronation, sê buitelandse aandele bied goeie waarde en sal op lang termyn 'n styging in verdienste kan volhou.

In dié opsig verskil die buitelandse maatskappye van Suid-Afrikaanse maatskappye, sê hy.

Die aandeelpryse van Suid-Afrikaanse maatskappye het in die jaar tot dusver nie veel verander nie, maar die vooruitsigte vir die verdienste het agteruitgegaan weens verwagtinge van swakker ekonomiese groei.

Al is daar vraagtekens oor die volgehoue groei van die verdienste van buitelandse maatskappye, is baie van hulle geposisioneer om 'n volgende insinking te kan deurstaan.

De Kock sê in die nadraai van die finansiële krisis gaan baie maatskappye kontant op, dermate dat



Die Franklin Global Growth Fund van Franklin Templeton Investments hou tans geen Suid-Afrikaanse aandele nie.

Mnr. Donald Huber, visepresident en portefeuljebestuurder, sê nie een van die Suid-Afrikaanse aandele voldoen tans aan die kriteria waarop sy strategie berus nie. Die ontleders wat aanbevelings doen oor spesifieke sektore en aandele, het wel tans die volgende Suid-Afrikaanse aandele op hul radarskerms: Sasol, Nedbank, Absa, Woolworths, Massmart en Truworths.

hulle nie eers hul eie aandele terugkoop nie.

“Dit verlaag die risiko van 'n belegging in aandele,” sê hy.

Dit beteken dat die maatskappye nuwe beleggings kan doen sodra die geleentheid hom voordoen en dat die maatskappye in 'n goeie posisie is om 'n volgende insinking te deurstaan.

Mnr. Donald Huber, visepresident van Franklin Templeton Investments en bestuurder van die Franklin Global Growth Fund, sê een van die grootste uitdagings vir beleggers is om aandele uit te soek van maatskappye wat hul verdienste kan volhou.

“Beleggers wat om die regte redes, soos volgehoue styging in wins en groeigeleenthede, in maatskappye belê het, hoef nie bekommerd te wees oor die skommeling in die aandeelpryse nie,” sê Huber.

“'n Daling van 3% op een dag in die aandeelprys beteken nie dat die grondliggende eienskappe van 'n goeie maatskappy verander het nie.

“Dit kan eerder beteken dat die aandeelprys op lang termyn gaan styg.” Huber sê in die samestelling

van die wêreldwye aandeelportefeulje is daar nie op die oomblik een land wat voorkeur geniet bo 'n ander nie.

“Die groeivoorsigte van 'n maatskappy het deesdae min te make met waar sy hoofkantoor is. Dit het baie meer te make met waar hy die grootste deel van sy wins maak.”

Hy sê daar is sekere sektore wat nou liefers vermy moet word. Twee daarvan is banke in Europa en finansiële instellings in die VSA. Al is dit die geval, het die fonds wat Huber bestuur tans 'n groot blootstelling aan aandele in die finansiële sektor.

“Van die portefeuljebestuurers maatskappye en finansiële instellings afgesien van banke bied goeie vooruitsigte.”

Hy is versigtig oor die aandag wat ontlukende lande tans kry, want “daar is niks nuut daarin nie”.

Hy is lugtig vir aandele in ontlukende lande omdat buitengewoon groot belangstelling die aandeelprys buite verhouding kan opjaag.

De Kock sê hy is meer optimisties oor die opbrengste op aandele in



Mnr. Donald Huber, visepresident van Franklin Templeton Investments.

die ontlukende lande as in die ontwikkelde lande, maar die ontlukende lande sal nie onaangeraak bly deur die probleme in die Westerse lande nie.

Huber sê om 'n goeie opbrengste te behaal, moet beleggers nie rea-



'n Daling van 3% op een dag in die aandeelprys beteken nie dat die grondliggende eienskappe van 'n goeie maatskappy verander het nie.

– MNR. DONALD HUBER,
VISEPRESIDENT VAN FRANKLIN
TEMPLETON INVESTMENTS.

geer op nuus wat die markte op kort termyn beïnvloed nie.

Om portefeuljes te verskans teen te veel skommeling, is dit nodig om seker te maak die belegging is goed versprei tussen verskillende lande en in verskillende sektore.